Uittreksel uit: “die uitbreiding van Afrikaans”

Onthou: Etimologie verskil van volksetimologie in die sin dat woorde se betekenis oor tyd verander het en nou heeltemal aanvaarbaar gebruik word, bv. “onnosel” het in Nederlands “onskuldig” beteken, maar met verloop van tyd het die betekenis verander na iemand wat dom is.

a) Ontledings

Ontledings is woorde wat van ander tale ontleen is en dikwels gebruik word:

charisma

(die vermoë om ander mense te inspireer)

kitsch

(nagemaakte kuns, ‘n vorm van grootdoenerigheid)

kosjer

(iets wat wettig en geoorloof is)

b) Klanknabootsing (onomatopee)

Woorde word gevorm deur die geluide in die natuur en diere na te boots:

piet–my–vrou (voël)

sis / zoem / knor

hael kletter / vuur knetter

ritsel (geluid wat blare maak)

water kabbel / branders klots

klik–klak / woer–woer / kaplaks

Links: Piet–my–vrou

c) Stapelvorming (toutologie)

Woorde word op mekaar gestapel en as een woord gebruik omdat die betekenis dieselfde is, bv.

walvis (wal beteken vis)

winkelhaak (winkel beteken hoek in Nederlands)

tortelduif (tortel is ’n duif in Nederlands)

liedere (lied + er = meervoud)

graftombe (tombe beteken graf)

lintwurm (lint beteken wurm)

eiers (eier is reeds die meervoud in Nederlands)

kinders (kinder is reeds die meervoud in Nederlands)

(dieselfde met kalwers en lammers)

mandjietjie; koppietjie; boontjietjie; meisietjie

kweekgras	brakhond
kabeltou	beroerteaanval

Onthou: Toutologie is nie noodwendig verkeerd nie en die meeste van die woorde is reeds aanvaar as deel van die taal.

d) Pleonasme (woordoortolligheid)

▪Pleonasme is die onnodige herhaling van woorde in ′n sin, bv.

loop te voet	dink by jouself
mede–kollegas	ronde sirkel
Die oujongnooi is nie getroud nie.	tamaai groot
dood verongeluk	alreeds vantevore
gebiedend noodsaaklik	definitief seker
weer herskryf	vry, gratis en verniet
bure langsaan	weduwee wie se man dood is
die realistiese werklikheid	bly en verheug
wewenaar wie se vrou dood is	laaste, finale eindpoging
meer maerder	

▪Die foutiewe en onnodige herhaling van die wederkerende voornaamwoord:

hy skaam homself	ek bekommer myself
hulle bekommer hulself	

▪Die foutiewe gebruik van dubbele oortreffende trap, bv.

mees wonderlikste	mees vriendelikste

Uittreksel uit "gebruike van die selfstandige naamwoord"

▪Meervoude met uitsonderings

▪Selfstandige naamwoorde wat eindig op i, o, u en uit meer as een lettergreep bestaan kry in die meervoud ′n –'s. (*Rympie: **I** **O**we **U** 'n afkappingsteken!)*

Enkelvoud	**Meervoud**	**Enkelvoud**	**Meervoud**
taxi	taxi's	bikini	bikini's
foto	foto's	skadu	skadu's
balju	balju's	saldo	saldo's
banjo	banjo's	mini	mini's
solo	solo's	silo	silo's
tornado	tornado's	torpedo	torpedo's
kombi	kombi's	radio	radio's

▪Die **balju** kom skryf jou goed op as jy nie jou rekenings kan betaal nie.

▪Elke keer as jy bank toe gaan, kyk jy wat is jou **saldo** om te sien hoeveel geld jy in die bank het.

▪′n **Banjo** is ′n musiekinstrument.



▪′n **Okapi** is ′n seldsame wildsboksoort wat in Midde–Afrika voorkom, pers van kleur, met geel bene en dwarsstrepe. 'n Okapi is ook 'n soort mes.

Onthou: Die afkappingsteken word nie gebruik as –u voorafgegaan word deur ′n vokaalletter nie. Daar is dus nie ′n afkappingsteken na die tweeklank in leeus en spreeus nie en ook nie as die –u nie deel van die tweeklank is nie, bv. milieus.

Die afkappingsteken word ook nie gebruik by eiename na ′n slot–oo nie, bv. Vosloos.

Reël 2

Die tweede reël by verkleinwoorde wat jy moet toepas is die **–ng reël**:

Wanneer ′n woord eindig op ′n –ng en uit meer as een lettergreep bestaan, skryf jy die woord net so oor maar die –g val weg en word vervang met –kie:

Enkelvoud	**Verkleining**	**Enkelvoud**	**Verkleining**
koning	koninkie	woning	woninkie
toring	torinkie	voering	voerinkie

Wenk:

Moenie ′n g en ′n k (gk) saam in die verkleining skryf nie. Behalwe wanneer woorde op ′n –k eindig, is hierdie die enigste keer dat jy –kie skryf as jy –kie hoor.

Mens las nooit ′n –tjie direk aan ′n woord wat op –ng eindig nie.

Wanneer ‘n woord eindig op –ng en jy kan ‘n –s aanlas in die meervoud, moet jy weet dat hierdie woorde onder reël 2 in die verkleiningsvorm val:

Meervoud	**Verkleining**	**Meervoud**	**Verkleining**
koning(s)	koninkie	woning(s)	woninkie
toring(s)	torinkie	voering(s)	voerinkie
varing(s)	varinkie	heining(s)	heininkie
piesang(s)	piesankie	laning(s)	laninkie
rekening(s)	rekeninkie	weiding(s)	weidinkie
dekking(s)	dekkinkie	helling(s)	hellinkie
wêreldneiging(s)	wêreldneiginkie	deining(s)	deininkie
sending(s)	sendinkie	sening(s)	seninkie

Uittreksel uit Literatuurstudie

Die volgende terminologie sal jou help met die bespreking van ′n drama of letterkundige teks:

konteks	Konteks is die samehang of breër verband tussen woorde en die spesifieke situasies waarin daardie woorde ′n boodskap oordra.
kontekstuele leidrade	Die leestegniek wat alle tekens of leidrade in ′n teks gebruik om die betekenis van die teks te ontsluit, is die kontekstuele leidrade.
kreatief	Deur nuut en skeppend te dink en iets ongewoons te maak is kreatief.
literêre tegnieke	Dis die verskillende metodes waarvan ′n skrywer gebruik maak om ′n literêre teks teks te skep.
onderbeklemtoning	Deur nie al die feite te noem nie vind onderbeklemtoning plaas.
milieu	Milieu dui op die tyd en ruimte wat onder andere die kleredrag, gewoontes uitbeeld en die invloed daarvan op die karakters.
retoriek	Retoriek vind plaas wanneer hoogdrawende en oordrewe beeldspraak wat as versiering moet dien, sonder effek is
retoriese middele	Tegnieke soos pouses, herhaling en uitroepe wat ′n skrywer gebruik om die leser van ′n standpunt te oortuig.
samehang	Die verband tussen woorde of begrippe wat deurlopend in ′n teks met mekaar skakel.
sarkasme	Op ′n skerp, bytende manier met iemand spot om seer te maak of met minagting op iemand se foute wys.
satire	′n Manier om met spot die foute van individue of wanbestuur in ′n samelewing oop te vlek.

simbool	′n Teken of voorwerp wat ′n ander saak verteenwoordig, bv. ′n duif verteenwoordig vrede.
stemming	Stemming is die ingesteldheid van die gemoed, bv. woede, rustigheid, angs, spanning, ens.
stereotipe	′n Vaste, gewoonlik eensydige siening of voorstelling van ′n soort mens, bv. kerkmense is almal skynheilig.
tempo	Tempo dui op die spoed waarteen gebeure in die verhaal verloop.
tema	Tema is die sentrale gedagte wat in die drama weergegee word en hoe dit die toeskouer beïnvloed of lei na nuwe insigte.
teks	Teks is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie
vertellersperspektief	Die vertellersperspektief is die spesifieke hoek waaruit die verteller waarneem en die verhaal vertel.
visuele voorstellings	Dit is boodskappe wat deur die oog oorgedra word, bv. foto's, spotprente, modelle, tekeninge, skilderye en grafieke.
woordoortolligheid	Plekke in ′n teks waar die boodskap duidelik genoeg is en oortollige woorde weggelaat kan word.
woordspeling	Dit is die doelbewuste gebruik van ′n woord om gelyk ′n ander toepassing van die woord ook te aktiveer, dit word meestal op humoristiese wyse gebruik.



Uittreksel uit: "beeldspraak by die letterkunde"

a) Sinekdogee

Met hierdie beeldspraak word net die belangrikste deel genoem terwyl die geheel eintlik bedoel word, bv.

Gee my jou hart. (hier word bedoel liefde.)

Gee ons vandag ons daaglikse brood.

(hier word bedoel alles wat nodig is om te oorleef.

Hy het tagtig somers agter die rug. (hier word bedoel tagtig jaar.)

Uittreksel uit: "sintaksis – sinsontleding"

a) voorwerp

Die aksie wat die onderwerp uitvoer, is gerig op die voorwerp, wat gewoonlik na die gesegde in die sin staan.

Jy kan ook ′n vraag vra om die voorwerp te bepaal:

Hy lees **die boek**.

Vraag: Wat lees hy?

die boek (voorwerp)

Onthou: Sonder ′n voorwerp is die sin nog steeds volledig.

Jy mag slegs die volgende vrae vra om die voorwerp te bepaal – wie / wat werkwoord onderwerp = voorwerp:

Sandra bou ′n legkaart.

Vraag: Wie / wat werkwoord onderwerp?

Wat bou Sandra? Antwoord: ′n legkaart (voorwerp)

Sandra sing in die bad.

Vraag: Wie / wat werkwoord onderwerp?

Wat sing Sandra? Geen antwoord. Geen voorwerp.

Wie sing Sandra? Geen antwoord. Geen voorwerp.

In hierdie geval is sinsontleding soos volg:

Sandra	onderwerp
sing in die bad	gesegde

Wenk: In ′n gewone stelsin is die volgorde van die drie sinsdele gewoonlik onderwerp, gesegde, voorwerp.

Uittreksel uit: “die direkte redevoering”

▪Daar is vyf leestekens wat jy moet gebruik by die direkte rede:

na sê, vra, roep uit, ens. kom ′n dubbelpunt (:)

na die dubbelpunt kom die aanhalingsteken (“)

na die aanhalingsteken begin die persoon se woorde met ′n hoofletter

aan die einde van sy woorde kom:

′n punt as hy iets sê

′n vraagteken (?) as hy iets vra

′n uitroepteken (!) as hy iets beveel of uitroep

na die leesteken word die aanhalingsteken gesluit om aan te dui dat sy woorde nou klaar is (”).

Onthou: die punt, vraagteken of uitroepteken word geskryf **voor** die aanhalingstekens gesluit word.

Om direkte rede makliker te onthou, moet jy jou regterhand gebruik vir die volgorde van die leestekens:



duim

❶ na sê, vra, roep uit, ens. kom ’n dubbelpunt **(:)**

wysvinger

❷ na die dubbelpunt kom die aanhalingsteken **(“)**

middelvinger

❸ na die aanhalingsteken begin die persoon se woorde met ’n **hoofletter**

ringvinger

❹ aan die einde van sy woorde kom ’n **punt** as hy iets sê, ’n **vraagteken** as hy iets vra, ’n **uitroepteken** as hy iets beveel of uitroep

pinkie

❺ na die leesteken word die aanhalingsteken gesluit om aan te dui dat sy woorde nou klaar is **(”)**

Uittreksel uit: “aanbevelings”

a) Simpatie / meegevoel brief

▪Met hierdie brief simpatiseer die skrywer met die ontvanger.

▪Die brief word aan iemand wat ’n geliefde aan die dood afgestaan het, of wat iets kosbaars verloor het, geskryf.

▪Die formaat van die brief is dieselfde as die informele brief.

Aanhef:

“Beste” of “Liewe” word gebruik; dit word teen die linker kantlyn geskryf.

▪Dra jou meegevoel reeds in paragraaf 1 oor.

Moontlikhede vir paragrawe 2 – 4:

▪Noem onmiddellik waar jy die oorledene ontmoet het, of wat jy van die persoon of verlore item onthou.

▪Noem ’n paar insidente en goeie herinneringe wat jy van die oorledene / kosbare voorwerp het.

▪Noem ook dinge wat die oorledene se familie / gesin / die persoon wat iets verloor het kan troos.

▪’n Gedagte/teksvers/aanhaling kan ter vertroosting ingesluit word.

Slotparagraaf:

▪Die slotparagraaf kan die meegevoel opsom of versterk.

▪Dit eindig met ‘n punt.

Jy sluit af met jou naam sonder ‘n punt.

<u>Voorgestelde woordeskat:</u>

innige simpatie	**diep meegevoel**	**oorledene**
goeie herinnering	**hartseer**	**verdriet**
vertroosting	**familie**	**kosbare**